



INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2 uur

100 punte

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulpeksaminators van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

VRAAG 1 BEGROTINGS**Verwys na die inligting aangaande Outdoor Adventures.**

1.1 Bereken watter persentasie van totale verkope kontantverkope is.

$\frac{527\,040}{878\,400} \times 100 = 60\%$ OF $\frac{305\,964}{509\,950} \times 100 = 60\%$
--

1.2 Bereken die ontbrekende syfers A tot F.

A	$452\,750 \times 2 = 905\,500 \times \frac{180}{100} = 1\,629\,900 \times 60\%$ = 977 940 OF $452\,750 \times \frac{180}{100} = 814\,950 \times 60\% = 488\,970 \times 2 = 977\,940$
B	$\frac{10\,199}{509\,950} \times 100 = 2\% \quad \text{Januarie}$ November $878\,400 \times 6\% = \mathbf{52\,704}$
C	1 000
D	$6\,300 \times \frac{105}{100} = 6\,615$ OF $6\,300 \times 5\% = 315 + 6\,300 = 6\,615$
E	$50\,000 - 28\,000 = 22\,000$
F	$865\,054 - 102\,579 = 762\,475$

1.3 Bereken die rentekoers per jaar op die lening.

$$\frac{500}{50\,000} \times 100 = 1\% \times 12 = 12\% \text{ p.j.}$$

1.4 Verduidelik 'n moontlike rede waarom salarisse en lone meer is gedurende Desember.

- Meer los werkers is aangestel om met vakansie-/Kersfeestoeloopte help.
- Meer oortyd is betaal vanweë langer winkelture.
- Bonusse is betaal.

1.5 Die finansiële bestuurder moet op 'n opsie besluit om die kontantvloei implikasies van 'n moontlike oortrokke saldo te bestuur.

1.5.1 Indien die finansiële bestuurder opsie 2 kies en krediet aankope word binne 30 dae betaal, toon die effek van opsie 2 op die eindbanksaldo's vir November en Desember.

	November	Desember
Surplus/Tekort		865 054
Beginsaldo	(102 579)	385 421
Effek van goedere op krediet gekoop	488 000	226 375
Effek van betalings aan krediteure		(488 000)
Eindsaldo	385 421	988 850

1.5.2 Gee **EEN** rede waarom die finansiële bestuurder moontlik opsie 1 sal kies.

- Onderneming sal heel waarskynlik reeds 'n oortrekkingsfasiliteit hê.
- Agtergrond is reeds by 'n vorige geleentheid deur die bank nagegaan.
- Bank het 'n finansiële rekord van die onderneming en sal maklik 'n oortrekking toestaan.
- Bankrente op 'n oortrekking is minder as rente op 'n rekening indien betalings nie betyds gedoen word nie.

VRAAG 2 MAATSKAPPYONTLEDING**Verwys na die inligting aangaande Vivo Energy.**

2.1 Beantwoord die volgende vrae oor die bruto wins van die onderneming.

2.1.1 Bereken die bruto wins wat op 1 liter kommersiële brandstof verdien is in 2023.

$$\frac{3\,990}{4\,258} = 0,94 / 94 \text{ sent}$$

2.1.2 Vivo Energy bepaal nie die bruto wins persentasie wat op brandstof gehef word nie. Verduidelik waarom hierdie stelling waar is.

Brandstofpryse word deur die regering beheer en alle diensstasies gebruik 'n standaardtarief.

2.2 2.2.1 Gebruik op grond van die aansienlike toename in bedryfsuitgawes 'n toepaslike aanwyserberekening om te bepaal of die direkteure bekommerd sou wees.

2023	2022
$\frac{9\,088}{208\,411} \times 100 = 4,36\%$	$\frac{7\,752}{160\,702} \times 100 = 4,82\%$
Kommentaar: Nee, dit sal nie 'n bekommernis wees nie, want hoewel die uitgawes toegeneem het, het die verhouding verbeter. Die verhouding het van 4,82% tot 4,36% afgeneem, wat aandui dat uitgawes effektief beheer is.	

2.2.2 Wat is die hoofrede vir die toename in bedryfsuitgawes van 2022 tot 2023?

Die 60 uitgebreide diensstasies is almal gedurende die jaar in bedryf gestel, wat die uitgawes verhoog het.

2.3 Bruto wins word bereken uit die verkope van smeermiddels en kleinhandel- en kommersiële brandstof.

2.3.1 Daar is winkels en restaurante op die Vivo-persele. Waarom vorm die inkomste uit hierdie winkels nie deel van Vivo Energy se bruto wins nie?

Geen winkels of restaurante word deur Vivo Energy self bedryf nie, alles word verhuur aan ander maatskappye wat die winkels en restaurante bedryf.

2.3.2 Bereken die bedrag wat Vivo Energy gedurende die huidige finansiële jaar uit die winkels en restaurante by die uitgebreide fasiliteite verdien het.

$$785 - 513 = R272 \text{ m}$$

2.4 Beantwoord die volgende vrae oor die voorraadamsetsnelheid van Vivo Energy.

2.4.1 Bereken die voorraadamsettydperk vir 2023.

Let wel: $13\,908 = 8\,265 + 3\,990 + 1\,653$

$$\frac{(10\,716 + 13\,054) / 2}{(208\,411 - 13\,908)} \times \frac{365}{1} = \frac{11\,885}{194\,503} \times \frac{365}{1}$$

= 22,30 dae **OF** 0,73 maande

2.4.2 Sommige van die direksielede is van mening dat die omsettydperk langer moet wees. Gee **TWEE** redes waarom 'n langer omsettydperk nie voordelig vir die onderneming sal wees nie.

- Indien hulle olie koop en die wisselkoers verbeter, sal hulle geld verloor op voorraad wat gekoop is terwyl die wisselkoers swak was.
- Indien hulle 'n langer tydperk het, beteken dit meer voorraad moet geberg word, wat tot ekstra uitgawes vir berging sal lei.
- Brandstof is 'n hoërisiko-produk om te berg, dus sal die berging van meer brandstof die onderneming se risiko's verhoog.

2.5 'n Lening is verkry om vir die uitbreidings van die persele te betaal.

2.5.1 Bepaal die hefboomaanwyser van Vivo Energy vir die huidige finansiële jaar. Gebruik **TWEE** finansiële aanwysers om jou antwoord te ondersteun.

Hefboomaanwyser 1

$$\frac{5\,605}{(3\,781 + 16\,777 + 17\,094 + 15\,808) / 2} = \frac{5\,605}{26\,730} \times 100 = 20,97\%$$

Hefboomaanwyser 2

$$17\,094 : 3\,781 \\ 4,51 : 1$$

2.5.2 Lewer kommentaar oor die impak van die bykomende lening op die hefboom-effek van die Vivo Energy-maatskappy.

Opbrengs op kapitaal aangewend was 17,64% in 2022 en nou is dit 20,97% (het met 3,33% toeneem). Die onderneming het steeds positiewe hefboomfinansiering (sal die rente op die lening kan betaal).

Die skuld/ekwiteit was 0,94:1 in 2022 en nou is dit 4,51:1 (het met 3,57 toeneem). Die onderneming het nou hoë hefboomfinansiering (geleende kapitaal oorskry eie kapitaal).

2.5.3 Sal die impak van die lening aanvaarbaar wees vanuit die aandeelhouders se perspektief?

Alhoewel die hefboomfinansiering van laag tot hoog verander het, sal dit aanvaarbaar wees, aangesien die lening gebruik is vir die uitbreiding van die onderneming. Die uitgebreide diensstasies is in bedryf, dus sal die onderneming die lening kan terugbetaal.

OF

Omdat die rente op lening 'n negatiewe effek op inkomste sal hê, sal dit ook veroorsaak dat die VPA afneem, wat die aandeelhouders bekommerd sal maak.

2.6 Beantwoord die volgende vrae oor die verdienste en dividende van Vivo Energy.

2.6.1 Bereken die verdienste per aandeel vir 2023.

$$= \frac{1995}{2\,407} \times 100 = 82,88 \text{ sent}$$

2.6.2 Bereken die dividende per aandeel vir 2023.

Tussentydse dividend: $2\,407 \times 30\% = 722,1 \times R2 = R1\,444,2 \text{ m}$

Finale dividend: $2\,407 \times R4,50 = R\,10\,831,5 \text{ m}$

$$\frac{(1\,444,2 + 10\,831,5)}{2\,407} \times 100 = 510 \text{ sent per aandeel}$$

2.6.3 Die onderneming kon dit nie bekostig om so 'n hoë dividend in 2023 te verklaar nie.

(i) Bewys dat hierdie stelling waar is.

Verdienste per aandeel is 82,88 sent, maar dividende is 510 sent. Het nie genoeg verdien om dividende te dek nie. Behoue inkomste is vir dividende gebruik, aangesien verdienste nie genoeg was om dividende te dek nie.

(ii) Waarom het die direkteure so 'n hoë finale dividend vir alle aandeelhouders aanbeveel?

- Aandele se waarde sal daal as dividende nie goed is nie.
- Behou die aandeelhouders se vertroue in die direksie.
- Dividend in 2022 was 802 sent, aandeelhouders sal nie tevrede wees met net 82 sent in 2023 nie.

2.7 Verduidelik waarom huurverpligtinge as deel van nie-bedryfslaste en as deel van bedryfslaste op die staat verskyn.

Die niebedryfslas is die huurkontrakte wat nie binne die volgende 12 maande betaalbaar is nie, terwyl die bedryfslas die huurkontrakte is wat binne die volgende 12 maande betaalbaar is.

VRAAG 3 VERSOENINGS**Verwys na die inligting aangaande Spot On.****DEEL A**

- 3.1 Voltooi die ouderdomsontleding van die rekening van K Kavari nadat alle foute en weglatings in ag geneem is.

Ouderdomsontleding van die rekening van K Kavari in die boeke van Spot On

120 dae +	90 dae	60 dae	30 dae	Huidig
11 500 (10 015) (1 485)	2 400 (2 000) (400)	1 400 3 100 (1 115) (2 400)	115 8 440 (3 400)	indien geen rente van R154 bygevoeg is nie
0	0	985	5 155	0

- 3.2 Bereken die opgedateerde eindsaldo vir K Kavari op 31 Oktober 2024.

$$985 + 5\,155 = 6\,140$$

- 3.3 Dink jy die kennisgewing wat op 1 November aan K Kavari gestuur is, is steeds geldig of moet dit teruggetrek word? Motiveer.

Ja, dit is geldig, want hy oorskry steeds die kredietperk van R5 500.

OF

Ja, want die uitstaande skuld vir 60 dae in Oktober sal 90 dae uitstaande wees in November.

- 3.4 Die rekenmeester, mnr. Samata, is ontevrede met die aanstelling van Rita Rittman as debiteureklerk. Gee 'n geldige rede vir sy ontevredenheid.

- Rita Rittman is nie gekwalifiseerd om die werk te doen nie.
- Sy is aangestel omdat sy familie is **en** nie omdat sy die kwalifikasies het om die werk te doen nie.
- Sy het geen bewese ervaring nie en die baie foute op state is kommerwekkend.
- Nie billike en objektiewe aanstelling nie.

DEEL B

3.5 Bepaal watter onderneming die fout gemaak het.

Spot On

3.6 Voltooi die Algemene Joernaal inskrywing wat nodig is om die fout reg te stel.

Algemene Joernaal

Besonderhede	Debiet	Krediet
Skryfbehoeftes	10 000	
PNA/Krediteurekontrole		10 000

Totaal: 100 punte